# DIE STAATKUNDE EN DIE GESKIEDENIS

**Francois Ackron**
*Universiteit van Pretoria*

Die saamgroepering en etiketering van kennis van 'n besondere aard het daartoe aanleiding gegee dat nie slegs bepaalde vakwetenskappe die lig gesien het nie, maar ook dat skeidslyne, dikwels ten opsigte van sommige aspekte, kunsmatig tussen die vakwetenskappe getrek is. Hierdie proses was noodsaaklik, want die mens met sy beperkte werks- en begripsvermoë het heel gou bevind dat dit veel eenvoudiger en ook lonender was om na diepte-kennis oor 'n bepaalde objek te streef as na 'n breë oppervlakkige kennis van vele verskynsels. Sonder nadele was hierdie verdeling tussen kennisterreine en ook werklikheidsterreine wat deur kundiges binne elke kennisterrein bestudeer sou word egter nie. Dit is nou eenmaal so dat denke inspanning verg en dat die mens gevolglik neig om, nadat verskynsels geëtiketteer is, op grond van die etikettering in terme van stereotipes waar te neem, te redeneer en te beoordeel en om die wêreld gevolglik soos dit is, of minstens soos die waarnemer dink dit was, te aanvaar. In hierdie gees is die verdeling tussen die wetenskappe ook as 'n gegewene aanvaar en is die mens as samesnoerende element in die wetenskappe gerieflikheidshalwe uit die oog verloor. Die isolasie van vakkundiges en die stryd, veral in die twintigste eeu, om die mees toepaslike metode van wetenskapsbeoefening op die bepaalde vakkundige terrein, het sekerlik veel tot hierdie situasie bygedra. Interdissiplinêre kontak lei egter heel gou tot die vraag na die aard van die verhouding tussen aanverwante wetenskappe, maar nog veel belangriker, na die vraag na wat die aard van die verhouding behoort te wees.

Wanneer hierdie belangrike vraag ter sprake kom, is dit noodsaaklik om van meet af aan te aanvaar dat 'n waterdigte kompartement nie om die studieterrein van elke besondere vakwetenskap te bou is nie. Raakpunte en terreine van oorvleueling sal wel bestaan, veral binne groepe wetenskappe, soos die geestes- en die sosiale wetenskappe, maar ook tussen wetenskappe wat betreklik ver op die spektrum van natuur- tot geestes- tot sosiale wetenskap van mekaar lê, veral wanneer dit om metode en tegniek gaan, maar ook ten opsigte van die voorwerp van studie. Vele vakwetenskaplikes bewaak hulle terrein met uiterste nougesetheid en poog om raakpunte en oorvleueling sover moontlik uit te skakel. Dit moet toegegee word dat oorvleueling veral daartoe kan lei dat skaars menslike en ander hulpbronne onnodig verkwis word, maar dit is tog so dat oorvleuelende studies, vanuit verskillende gesigspunte onderneem, dikwels juis bydra tot groter kennis en begrip.

## Die terrein van die staatkunde

In die Staatsleer gaan die beoefening van die wetenskap steeds om die mens, maar dan wel om die mens in politieke verband. Vele definisies van die politiek word egter aangetref, dikwels uiteenlopend en tekenend van slegs een aspek van die politiek. Noukeurigheid in die omskrywing van die politiek vereis volledigheidshalwe egter algemeenheid en kan die breë stelling dus gemaak word dat in die politiek dit om mag gaan. In die samelewing word die owerheid as die belangrikste besitter en beoefenaar van mag beskou en wanneer owerheidsoptrede ter sprake kom, kom politiek ter sprake

en val daardie optrede binne die terrein van die vakgebied Staatsleer. Dit sou egter kortsigtig wees om die afbakening van die terrein van die vakgebied hier te laat, omdat vele groepe en persone daarna streef om die owerheid in sy besluite te beïnvloed en ook om die mag van die owerheid op 'n wettige of onwettige wyse oor te neem. Sodanige verskynsels vorm dus ook deel van die vakgebied van die Staatsleer. Hierdie aktiwiteit speel alles binne die perke van 'n institusionele raamwerk af en vloei voort uit 'n besondere waarde-raamwerk maar poog ook om aan laasgenoemde konkrete vergestalting te verleen. Hoewel die nasiestaat die eenheid is waarin die waardes bestaan waaraan, binne 'n bepaalde institusionele raamwerk, gepoog word om vergestalting te verleen deur die verkryging en uitoefening van mag sowel as die beïnvloeding van die maghebbers, speel hierdie proses ook op die internasionale terrein af waar die staat nou die akteur word en die lede van die staat slegs namens laasgenoemde optree. P de Klerk wys dus tereg in sy onlangse artikel daarop dat die studie van die Staatsleer in vier breë terreine uiteenval, naamlik politieke teorie, politieke instellings, politieke dinamika (die bestudering van die politieke proses) en die internasionale politiek.

Die internasionale politiek neig egter om al meer outonoom te ontwikkel en word die drie breë studievelde wat in die Staatsleer aangetref word, ook daarin aangetref, naamlik internasionale politieke teorie, internasionale instellings en die internasionale politieke proses. Indien albei hierdie terreine gevolglik saamgevat wil word, sou dit meer doelmatig wees om na die Staatkunde te verwys, hoewel dissiplines soos die Publieke Administrasie en die Ekonomie dan ook ter sprake kom. Wanneer hier na die Staatkunde verwys word, word egter slegs na die terreine van die Staatsleer en die Internasionale Politiek verwys.

## Ontwikkelings in die staatkunde

Die grondslag van die Staatkunde kan wel na die klassieke Grieke teruggevoer word en het die tradisionele benadering in die studie van die Staatkunde dan ook 'n sterk historiese inslag gehad. Die bestudering van politieke teorieë, -instellings en -prosesse in hul historiese verband was dus 'n belangrike, indien nie die belangrikste deel nie, van die studie van die vak. Dit het hier egter nie gegaan om die blote korrekte plasing en weergawe van denke en beskrywing van instellings en prosesse nie. Die vroegste inslag in die Staatkunde was normatief-teoreties van aard en derhalwe het vroeë staatkundiges voortdurend afgevra wat behoort te wees ten einde die goeie lewe vir die mens op aarde polities moontlik te maak. Met die opkoms van die Christendom is die transendentale aard van die menslike bestaan steeds meer beklemtoon wat tot 'n verdere verdieping van die normatiewe inslag in die Staatkunde gelei het. Die antwoord op die vraag na dit wat is en was, is dus steeds beoordeel teen die agtergrond van opvattings oor dit wat behoort te wees en kan die stelling gemaak word dat 'n normatief-teoretiese perspektief, gegrond op 'n teosentriese humanisme die Staatkunde tot die vyftiende eeu oorheers het. Die mens, in sy strewe na die goeie, het God as die maatstaf van alle dinge aanvaar, ook op die politieke terrein.

Namate die nasiestaat as verskynsel egter gevestig is en ontwikkel het, het vraagstukke rondom orde, mag en internasionale vrede die tydelike element in die mens se bestaan geleidelik op die voorgrond geskuif en het belangstelling in metafisiese denke waarin die transendentale element oorheers het, insgelyks begin kwyn en het 'n antroposentriese humanisme geneig om die teosentriese humanisme te vervang. Hierdie neiging is verder versterk deur die fenomenale vooruitgang op die terrein van die

fisiese wetenskappe. Staatkundiges van die agtiende eeu onder die invloed van die individualisme en relatiwisme enersyds en die rasionalisme en empirisisme andersyds, het gevolglik gepoog om dieselfde mate van eksaktheid, akkuraatheid en veral voorspellingsvermoë ook in die Staatkunde te ontwikkel.

Die opkoms van die Utilisme, waarin slegs twee primêre motiveringskragte vir menslike optrede onderskei is, naamlik die strewe na plesier en die vermyding van pyn, het daartoe aanleiding gegee dat die mens steeds meer as 'n bloot hedonistiese wese beskou is. Met die opkoms van die Sosialisme en veral die Marxisme word die Messianisme hierby gevoeg en binne hierdie atmosfeer waarin die materiële, die sensoriese en die kwantifiseerbare beklemtoon is, het die Positiwisme ook in die Staatkunde ontstaan en ontwikkel om in die vroeë dertigerjare 'n hoogtepunt te bereik en later tot die ontstaan en ontwikkeling van die Behavioralisme aanleiding te gee. Dié ontwikkelingsproses, wat oor vele eeue gestrek het, het daarop neergekom dat veral die metode van studie in die Staatkunde ingrypend verander het. Waar die metode van studie vroeër hoofsaaklik kwalitatief-analities, hetsy in historiese of vergelykende verband, was, het die klem nou verskuif na kwantitatiewe analise en is al meer gepoog om slegs van die sogenaamde wetenskaplike metode gebruik te maak. Hierin is waarneming, beskrywing en meting opgevolg deur die formulering van induktiewe veralgemenings en hulle verduideliking in terme van oorsaaklike verhoudings waarop laasgenoemde twee stappe aan deduktiewe beredenering onderwerp is. Hierna is die tentatiewe veralgemenings weer eens aan toetsing deur middel van waarneming onderwerp, die veralgemenings aanvaar of verwerp en op grond daarvan gepoog om voorspellings te maak.

Dit het weer daartoe gelei dat die voorwerp van studie ook geleidelik veranderings ondergaan het. Alle aspekte van die menslike bestaan, ook in politieke verband en miskien juis in politieke verband, kan nie deur middel van die aanwending van die wetenskaplike metode bestudeer word nie. Gevolglik het bepaalde terreine, veral waar dit om die normatiewe gegaan het, dus geneig om verwaarloos te word.

Die afleiding moet egter nie nou gemaak word dat die moderne Staatkunde totaal deur 'n behavioralistiese inslag oorheers word nie. Die vestiging van totalitariese regimes in Rusland, Italië en Duitsland het tot 'n krisis in menige positiwisties-georiënteerde staatkundige kring aanleiding gegee. Die onderdrukking, geweldpleging en lyding in hierdie regimes kon nie veroordeel word nie omdat staatkundiges hulle sodoende op die terrein van die normatiewe sou begewe en dus "onwetenskaplik" sou optree. Insgelyks kon bestaande demokratiese praktyke, instellings en waardes om dieselfde rede ook nie verdedig word nie.

Dit het daartoe aanleiding gegee dat vele staatkundiges tot die besef gekom het dat kwantitatief-analitiese metodes van ondersoek staatkundiges in 'n intellektuele *cul-de-sac* beland het en het 'n terugkeer na die ou weë hoogs aantreklik gelyk.

Dit het beteken dat 'n aansienlike mate van onenigheid in die Staatkunde rondom metodologiese vraagstukke ontstaan het. Enersyds was daar diegene wat wou terugkeer na (of in sommige gevalle steeds wou hou by) die eertydse kwalitatief-analitiese metodes van ondersoek met die gepaardgaande verbreding van die moontlike veld van ondersoek. Andersyds was daar diegene wat steeds streng wou hou by die kwantitatiewe metodes van ondersoek binne 'n verengde studieveld. Die beperkings wat hieruit voortgevloei het, waarvan die wetenskaplike waarde-relatiwisme waarin 'n onoorbrugbare feitelike en logiese gaping tussen is en behoort gepostuleer is, sekerlik die belangrikste was, is as onafwendbaar aanvaar.

Tussen hierdie twee uiterstes het 'n groep gematigdes egter tot stand gekom wat aanvaar het dat in die Staatkunde sekerlik nooit die mate van eksaktheid en akku-

raatheid bereik kon word wat in sommige natuurwetenskappe wel bereik is nie. Insgelyks is ook aanvaar dat die aard van die voorwerp van studie bepalend ten opsigte van die keuse van die metode van ondersoek moes wees. Gevolglik het die rigiditeit ten opsigte van metode van ondersoek grootliks verdwyn en word kwantitatiewe naas kwalitatiewe metodes van analise gebruik. Die doelstelling bly steeds die verklaring van staatkundige verskynsels en daarvoor word 'n verskeidenheid van metodes gebruik, afhangende van die aard van die voorwerp van studie.

## Die staatkunde en die geskiedenis

Staatkundige opvattings, -instellings en -prosesse is egter nie skeppings van die oomblik nie en heel dikwels nie eens produkte van die onmiddellike verlede nie. Die grondslag van die moderne magstaat is byvoorbeeld institusioneel reeds in Sparta te vinde en die teoretiese regverdiging daarvoor in die denke van Plato. Terselfdertyd is die grondslag van die demokrasie institusioneel in Athene gelê en deur die denke van Aristoteles ondersteun. Om moderne owerheids-, regerings- en staatsvorme dus te verklaar, is dit noodsaaklik dat die staatkundige swaar sal steun op dit wat die geskiedskrywer aan hom kan bied, want instellings en prosesse kan slegs behoorlik teen die agtergrond van hulle ontstaan en ontwikkeling begryp en verklaar word. Die waardes waaruit hierdie instellings en prosesse ontstaan en wat dit steeds ten grondslag lê, het, die mens se ontwikkeling ten spyt, miskien selfs nog minder deur die eeu verander. Die geskiedenis van politieke denke vanaf die vroegste tye is dus ewe onontbeerlik wanneer moderne staatkundige verskynsels beoordeel wil word.

Die stelling dat die Staatkunde sigself feitlik slegs besig hou met die bestudering van die eietydse Westerse samelewing en nie veel aandag aan die verre verlede gee nie, geld dus nie sonder meer nie, hoewel sommige staatkundiges hulle seeds in Plato se grot van die onmiddellike praktyk bevind, maar wel tot nadeel van die vakgebied.

Die Staatsleer en die Geskiedenis vind dus wel op vele terreine noue aansluiting, maar een wesenlike fokusverskil kan wel onderskei word. Die staatkundige bestudeer wel politieke opvattings-, instellings en -prosesse, ook in hulle historiese verband, maar dan slegs ten einde bepaalde staatkundige beginsels en ook wetmatighede te identifiseer wat as riglyne vir moderne politieke handelinge kan dien. Die staatkundige bepaal hom wel by die individuele, maar dan steeds met die doel om uiteindelik by die algemene uit te kom. Die moderne staatkundige, en ook die politikus en staatsman kan net nie bekostig om op die politieke terrein te eksperimenteer nie — daarvoor is die risiko te groot en die gevolge, hoe onaanvaarbaar en katastrofaal ookal, dikwels onomkeerbaar. Gevolglik moet hierdie persone hulle noodwendig laat lei deur gevestigde staatkundige beginsels, maar ook deur die lesse van die verlede, selfs die verre verlede. Fundamentele menslike behoeftes en begeertes bly steeds staan en die verwaarlosing daarvan kan in die moderne politiek soortgelyke gevolge hê as wat dit op enige tydstip in die verlede gehad het. Die indiwidualiserende benadering (P de Klerk: Historia, Mei 1983) van die historikus kom die staatkundige dus handig te pas, want daardeur word juis dit opgeteken wat as grondslag vir die veralgemenings van die staatkundige kan dien en sal dit slegs tot nadeel van die Staatkunde strek as hierdie benadering in die Geskiedenis verwaarloos moet word.

Dit is dus duidelik dat die Staatkunde slegs tot sy eie nadeel as vakwetenskap homself van die Geskiedenis kan distansieer of selfs probeer losmaak. Die vraag na die nut van die Staatkunde vir die Geskiedenis moet egter beantwoord word, en hier kan

slegs die historici 'n afdoende antwoord verskaf. Staatkundiges is egter nie ivoortoring-filosowe wat teorieë ontwikkel wat losstaan van die werklikheid nie. Op die politieke terrein is teorieë sonder 'n werklikheidsbasis blote opinies en is politieke handelinge wat nie op 'n gesonde teoretiese basis berus nie, roekelose eksperimentering. Gevolglik word begrippe, beginsels, modelle en teorieë, ook deur middel van die aanwending van die wetenskaplike metode, ontwikkel ten einde politieke werklikhede te verklaar. Sodoende kan die magdom feite waarmee die mens gekonfronteer word betekenisvol georden en begryp word en kan dit sekerlik ook aan die historikus 'n perspektief verskaf wanneer met politieke gebeure gehandel word. Staatkundiges en historici sal egter in voortdurende gesprek moet verkeer, nie slegs om met vrug van mekaar te leer nie, maar ook om nuttelose oorvleueling en ewe sinnelose kunsmatige skeidslyne uit te skakel en af te takel.

Soos 'n oop gemoed en 'n onbevange houding staatkundiges van 'n toekoms van streng wetenskaplik-gefundeerde irrelevansie bevry het, kan 'n soortgelyke houding by die beoefenaars van die moderne vakwetenskappe verhoed dat 'n geslag van vakkundiges met dissipline-verengde visie 'n toekoms van kompartement-gefundeerde irrelevansie in die moderne, ingewikkelde en ineenverstrengelde wêreld tegemoetgaan.